Ja, dit ís moontlik om professionele skoonheidsbehandelings tuis te doen. Al wat jy nodig het, is die regte produkte en aanwysings. Ons wys jou hoe om 'n perfekte pedikuur en 'n veilige mikro-dermabrasie te doen en om 'n haarkleur te kry wat die koppe sal laat draai. Deur Elaine Nixon-Campbell. Foto's Johan Wilke

huismaniere

KLEUR BY DIE HUIS

Danksy al die wonderlike kleure en keuses wat deesdae aan die haarkleurfront beskikbaar is, is dit moontlik om jou hare by die huis ordentlik te kleur. Jy kan ligte of donker strepies aanbring, 'n reënboog van blink, natuurlike kleure insit, of selfs 'n dramatiese modestelling maak. Ons het die kundiges gevra om al hul wenke en kunsies met ons te deel sodat jy jou hare vinnig en maklik kan kleur.

Voor jy begin

- Die regte kleur is die sleutel tot sukses. Koel velkleure: Kies 'n haarkleur met koel ondertone soos koel rooi, persrooi, bruin met groen ondertone en sjampanjeblond. Warm velkleure: skakerings soos koper, goud, rooi, warm bruin en goudblond sal die beste by jou pas.

As jy nie seker is van jou velkleur nie: Staan in die daglig voor 'n spieël en hou 'n stuk wit materiaal voor jou en dan roomkleurige materiaal. As jy beter lyk met die wit materiaal, het jy 'n koel velkleur, en as jy beter lyk met die roomkleurige materiaal, het jy 'n warm velkleur.

- Maak seker jou hare is in 'n goeie toestand omdat haarkleurmiddels vinniger op droë hare vat.
- Nou moet jy besluit watter effek jy wil hê. Wil jy 'n paar grys hare verbloem, of wil jy jou hele grys kop wegsteek? Bly so na moontlik aan jou natuurlike kleur, bring ligstrepies aan of kies 'n modieuse kleur.
- Baie mense beland in die moeilikheid omdat hulle die verkeerde kleur kies. Daarom is dit so belangrik om op die pakkie te kyk wat die basiese haarkleure is en wat die effek van die kleur daarop gaan wees. As jy van donker na lig wil gaan, is dit definitief 'n takie vir 'n professionele haarkapper.
- Een van die grootste deurbrake met haarkleure wat tuis gebruik word, is veelkleurige skakerings. Natuurlike hare het nooit net een kleur nie, jou hare kan tot drie verskillende skakerings hê, daarom laat dié nuwe haarkleure jou hare lewendiger en natuurliker lyk.

Veelkleurige kleurmiddels

Die jongste veelkleurige kleurmiddel van L'Oréal, Couleur Expert (R139,95), word in twee stappe aangewend. In stap 1, wend jy 'n kleur oor jou hele kop aan, en in stap 2 bring jy die ligstrepies aan. Daar is 12 skakerings van donker na lig. Dit sal grys hare heeltemal verbloem.

L'Oréal Feria (R84,95) is 'n deurskynende, helder kleurmiddel waarmee jy natuurlike ligte en donker strepies aanbring. Daar is 16 skakerings en as jy ekstra versterking nodig het, kan jy agt Booster- of agt Prismatic-skakerings byvoeg wat suiwer konsentrasies van dramatiese kleur is. Dit verbloem tot 30% grys hare.

Met Wella Viva Easy Highlights (R64,99) sit jy moeiteloos en binne net 20 minute ligstrepies in jou hare. Die kam sorg vir eweredig gespasieerde ligstrepies presies waar jy hulle wil hê.

As jy grys hare wil verbloem

L'Oréal Excellence Crème (R99,95) beskerm die hare gedurende en ná die haarkleurproses. Die formule verbloem grys hare en is beskikbaar in 21 skakerings. 'n Opwindende nuwe skakering in die reeks is Excellence Black (R99,95).

Garnier Nutrisse Rich Deep Colour (R99,95) is 'n nuwe produk wat onder meer belooft om grys hare van wortel tot punt te kleur en is ewe geskik vir donkerder hare. Beskikbaar in ryk skakerings soos Cherry Kola, Crimson Promise, Rich Toffee en Nectarine.

Uitgegroeide haarwortels

As jou hare vinnig groei, kan die uitgegroeide haarwortels jou tot raserny dryf. **Met Nice 'n Easy Root Touch Up Kit (R64,99)** is dit maklik en vinnig om die haarwortels tussen gewone haarkleursessies te kleur.

Behou die kleur

L'Oréal Recital Preference Anti-fade System (R89,95) is 'n sprankelende kleurmiddel wat in 17 skakerings voorkom en bedek tot 70% grys hare. **Revlon Colorstay Permanent Creme-gel (R59,95).** Die kleur sal nie verbleik nie, en is geskik vir alle hare.

Die natuurlike manier

As jy bekommerd is oor die bestanddele in haarkleurmiddels, of dalk allergies is, is die natuurlike haarkleur, Herbatint (R100), die antwoord. Dit kleur grys hare, is beskikbaar in dertig ryk kleure en bevat natuurlike kruie-ekstrakte wat jou hare sal opknap en sag maak. Dit bevat geen bestanddele wat allergiese reaksies kan ontlok nie. Herbatint is beskikbaar by gesondheidswinkels en apteke.

Wenke vir aanwending

- Toets 'n klossie hare 24 uur voor jy jou hare kleur om seker te maak jy kry nie 'n allergiese reaksie nie.
- Dra 'n ou T-hemp, of sit 'n handdoek oor jou skouers voor jy begin.
- As jy 'n donker skakering gebruik, smeer 'n lagie Vaseline aan jou haarlyn.
- Maak haarpunte wat baie droog is eers effe nat.
- Verdeel jou hare in vier seksies en steek met haarpennetjies vas. Begin agter en werk vorentoe.